LAERSKOOL KOLLEGEPARK

BELANGRIKE INLIGTING VIR KWARTAAL 3 – 2023

Nuusbrief 4 – 25 Julie 2023

Geagte Ouers/Voogde

Nog ‘n besige kwartaal is agter die rug en ons is sowaar al weer in die tweede helfte van die skooljaar.

Die rugby en netbal was ‘n reuse sukses met gemengde welslae in die onderskeie ligas en by Super 12. Baie geluk aan die o. 11 A-, o. 11B- en o. 12A-netbalspanne wat hulle onderskeie ligas gewen het. Ook baie geluk aan Christi Beyers wat deel is van die Gauteng o.13-netbalspan. Hartlike geluk aan Rikus Diederichs, Tafara Dakwa en Lesego Maloisane wat in onderskeie Valke Rugbyspanne opgeneem is. Ons is baie trots op elkeen se pragtige prestasie.

Baie dankie aan al die leerders, onderwysers en die ouers vir die mooi gesindheid waarmee ons leerders kon gaan toer gedurende die tweede kwartaal en ook ‘n woord van dank aan die krieketspelers en die hokkiespelers wat aan die Super 12 gaan deelneem het.

Die derde kwartaal is propvol aktiwiteite en ‘n formele toetsreeks en ten einde dit vir u makliker te maak om u eie beplanning te doen, gee ons ‘n paar belangrike datums aan u deur.

Sportaangeleenthede tot en met 12 Augustus:

- 25 – 27 Julie: Krieket aandreeks te Vryheidsmonument
- 26 Julie: Seunshokkie teen DF Malherbe
- 27 Julie: Dogtershokkie teen Vaalpark
- 28 Julie: Landloop
- 29 Julie: Dogtershokkie en mini-hokkie te Fonteine & o.11-Krieket te Handhawer
- 01 Augustus: o. 13A- & B-Krieket
- 02 Augustus: Mini-hokkie te Emfulenipark
- 02 Augustus: Seunshokkie o. 11 teen Eligwa en o. 13 teen DF Malherbe
- 03 Augustus: Krieket o. 11 teen Vryheidsmonument
- 03 Augustus: Dogtershokkie teen DF Malherbe
- 04 Augustus: Mini-hokkie te Vaalrivier
- 04 Augustus: Landloop
- 05 Augustus: o. 13-Krieket te Handhawer & mini-hokkie te Lumiere in Sasolburg
- 08 Augustus: Krieket o. 13 teen Midvaal
- 10 Augustus: Krietet o. 11 teen Midvaal
- 10 Augustus: Dogtershokkie teen Eligwa
- 11 Augustus: Mini-hokkie te Totius
- 12 Augustus: Landloop Distrikskampioenskappe

Kultuuraangeleenthede tot en met 12 Augustus:

- 18 Julie tot 18 Augustus: Oppie Tong Af Redenaars
- 29 Julie: Spelling Bee
- 05 Augutus: Radikale Redenaars Provinsiale Finaal
- 01 Augustus: Vaaldriehoek Kunstefees begin vir Laerskool Kollegepark
- September: Vereeniging Kunstefeeste (finale datums is nog nie ontvang nie.)
- 12 Augustus: Super 12 Bybelvasvra

Ander:

- 27 Julie: Graad 5-uitstappie
- 28 Julie: "Funky" dag
- 04 Augustus: Koekverkoping graad 3
- 09 Augustus: Vrouedag
- 11 Augustus: Haarinspeksie

Toetsrooster:

- Daar vind nie 'n formele toets plaas in Afrikaans en Engels gedurende die derde kwartaal nie. Leerders begin op 01 Augustus aan hul projekte werk.
- 14 Augustus: Grondslagfase: Deurlopende Assessering begin.
- 22 Augustus: Tegnologie graad 7
- 24 Augustus: EBW graad 7
- 29 Augustus: SW (Geografie) graad 4 - 7
- 31 Augustus: Wiskunde graad 4 – 7
- 05 September: SW (Geskiedenis) graad 4 – 7
- 07 September: NW graad 4 – 7
- 12 September: PSW graad 4 – 7
- 13 September: Grondslagfase: Deurlopende Assessering eindig

Baie dankie aan al die ouers wat reeds **skoolfondsverpligtinge** nagekom het. Graag herinner ons u aan die intreeskoolfonds van R400 per leerder wat reeds betaal moes wees en doen ons 'n vriendelike, dog ernstige beroep op ouers om wel skoolfonds betyds te betaal.

Ons doen weereens 'n ernstige beroep op ouers om u kinders se selfone te monitor. Daar is 'n nuwe tendens onder die kinders om foto's van onderwysers rond te stuur. Dit is onaanvaarbaar en ook teen die POPIA wetgewing. Kinders besef nie altyd hoe gevaarlik hul uitlatings op sosiale media kan wees nie. Ons spandeer byna daagliks onnodig tyd om situasies, wat voortspruit uit die gebruik van selfone tuis, op te los.

Ons herinner u aan ons fondsinsamelingsprojek, waar u vir slegs R50 'n kans staan om 'n solar installasie ter waarde van R95 000 kan wen. Kaartjies en boekies met kaartjies in, is by u kind se registeronderwyser beskikbaar.

Baie sterkte vir 'n bedrywige derde kwartaal.

Groete

Mnr. C.F. Herbst